

Soja-oes LAAT REKORD

Met meer as 80 % van 2008/'09 se sojaboones reeds gelewer, is 'n nuwe rekord vir sojabone 'n werklikheid. Die bedryf kry nou 'n verdere hupstoot met kontrakte wat in die buiteland gesluit is.

Sojabone het in 2005/'06 as somergraangewas die kollig betree met 'n rekordoes van 420 000 ton vanaf 243 000 ha. Vanjaar se oes gaan 70 000 ton groter wees. Volgens die vyfde skatting van die Oesskatting Komitee gaan in die huidige seisoen sowat 490 000 ton op byna 238 000 ha geproduseer word.

Die opbrengs van 2,06 ton/ha in die 2008/'09-seisoen is ook 'n rekord. In die vorige twee seisoene was die gemiddelde opbrengs onderskeidelik 1,12 ton/ha (2007) en 1,6 ton/ha (2008), sê mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingsstigting (PNS).

Die Suid-Afrikaanse sojaboonbedryf gaan nou verder stukrag kry danksy uitgebreide gewasgerigte navorsing aan 'n breë front in Brasilië en Noord-Amerika.

Scholtemeijer sê die PNS het onlangs 'n memorandum van verstandhouding met Embrapa van Brasilië gesluit. Embrapa is 'n staatsbeheerde navorsingsinstituut wat oor 'n spesifieke navorsingsarm vir die sojaboonbedryf beskik, naamlik Emprapa-Soya in die Brasiliaanse staat Parana. Dié sentrum bedryf 24 laboratoriums, 25 kweekhuise en 350 ha landerye vir eksperimentele veldproewe.

Die Brasiliaanse klimaat van veral die sentrale en suidelike gedeeltes is tipies Suid-Afrikaans. Die produksie van sojabone het in 1968 daar begin met 'n gemiddelde opbrengs van sowat 1,2 ton/ha. In 2008 is daar op ongeveer 22 miljoen ha sowat 58,5 miljoen ton sojabone geproduseer, wat dui op 'n gemiddelde opbrengs van 2,66 ton/ha. Die opbrengste van die top-sojaboonboere daar is reeds 3,6 ton/ha tot 4,2 ton/ha.

Dié land se verhoogde opbrengs van 66 % sedert 1968 word toegeskryf aan verbeterde kultivars.

Dit is insiggewend dat kleinboere met aanplantings van minder as 50 ha sowat 80 % van die totale oes lewer. Die onlangse Suid-Afrikaanse sending na Brasilië kan dus uiteindelik tot voordeel van die hele Suider-Afrika wees.

Embrapa bedryf 'n teelprogram saam met saadmaatskappye. Embrapa stel kiem-

plasma aan hierdie maatskappye beskikbaar. Die maatskappye teel die plasma in bepaalde lyne in. Die kultivars wat só ontstaan, bly die eiendom van Embrapa, maar die maatskappye kry die reg om dit te verkoop (in sekere gevalle is die betaling van tantieme ter sprake).

Mnr. Norman Neumaier, internasionale skakelbeampte van Embrapa, som die belangrikste uitdagings vir die toekoms vanuit 'n Embrapa-perspektief só op:

- Geneties volhoubare sojaboonkultivars, veral met die oog op landboukundige grenskekings tussen streke.
- Die ontwikkeling van sojaboonkultivars vir menslike gebruik, veevoer en alternatiewe gebruike – insluitend biodiesel.
- Die doeltreffender oordra van navorsingsbedrywighede en -resultate ten opsigte van volhoubare praktyke, soos wissel-



Mnr. Frans Potgieter

| SOJABONE: Streekverspreiding, vyfde produksieskatting, 2008/'09-seisoen | | |
|---|------------------|----------------|
| Provinsie | Aanplanting (ha) | Skatting (ton) |
| Wes-Kaap | - | - |
| Noord-Kaap | 750 | 2 250 |
| Vrystaat | 55 000 | 93 500 |
| Oos-Kaap | 800 | 1 600 |
| KwaZulu-Natal | 27 000 | 68 850 |
| Mpumalanga | 125 000 | 250 000 |
| Limpopo | 16 000 | 44 000 |
| Gauteng | 6 700 | 12 060 |
| Noordwes | 6 500 | 17 875 |
| TOTAAL | 237 750 | 490 135 |

Bron: Oesskatting Komitee, 24 Junie 2009

bou, geenbewerking en dekgewasse.

- Die doeltreffender bestryding van siektes, soos sojaboonroes.
- Intensiewe biotegnologiese navorsing as 'n hulpmiddel om sojabone se genetiese verbetering te ondersteun; dieper kennis oor kiemplasma en die identifisering van gene om die gehalte en landboukundige eienskappe van sojabone te verbeter.
- Die ontwikkeling van nuwe metodes vir saadverpakking en -opberging met die oog op kiemkragtigheid en goeie opkoms.
- Die uitbou van vennootskappe met die openbare en private sektore vir tegniese ondersteuning, opleiding en opvoeding.

Die grafiek toon die groei in Suid-Afrika se kommersiële sojaboonproduksie van 1987/'88 tot in 2008/'09. Van belang is die gunstige korrelasie tussen "groter oeste" en 22 agtereenvolgende "groeiseisoene", soos aangetoon deur die pyllyn.

Landbouweekblad het by mnr. Frans Potgieter van Magalieskraal, Brits, gaan kers opsteek vir 'n perspektief oor die huidige rekordoes en wat dit vir die bedryf kan beteken. Hy boer met somergraangewasse onder besproeiing, dien in die hoofbestuur van Graan SA, die Oliesade-advieskomitee en is 'n trustee van die PNS. Volgens hom is vanjaar se rekordoes die gevolg van:

- Verbeterde verbouingspraktyke. Boere sien sojabone nie meer as 'n afskeppgewas nie.
- As wisselbougewas is sojabone die ideale tuigmaat vir mielies om die kar van die akkerbouer deur die drif van volhoubaarheid en winsgewendheid te kry.
- Dit was 'n besonder goeie jaar vir alle somergraangewasse. Die gemiddelde opbrengs van meer as 2 ton/ha wys dit.
- Die toenemende gebruik van verbeterde en streeksaangepaste kultivars.

Oor die potensiaal van sojabone as wisselbougewas sê mnr. Leon Weber, landboukonsultant van Brits, wanneer sojabone korrek geënt en besproei word, bind die gewas stikstof vir eie behoeftes (tot 240 kg N/ha) en boonop laat dit stikstof vir die opvolg-gewas in die grond. Die gewas is ook goed aangepas in warm sowel as koeler produksiegebiede – mits die regte kultivars gekies word aan die hand van die nasionale kultivarproewe van die Landbounavorsingsraad se Somergraansentrum. Boonop is sojabone gouer van die land af as mielies.

Markte en pryse is weliswaar moeilik voorspelbaar. Met die huidige graanvoor-rade en prysneigings is die kans egter beter dat sojabone se goeie prys van sowat R3 450/ton gehandhaaf kan word as dat die

SPAT

mielieprys op sy huidige vlak van sowat R1 450/ton gaan bly, sê Potgieter.

In die eerste week van Julie het probleme met sojaboonsaad vir die 2009/'10-produksieseisoen gedreig. Een verskaffer het nog voldoende voorraad gehad. 'n Tweede verskaffer het gesê sy hele reeks van ses top-kultivars is feitlik uitverkoop, terwyl boere hulle kontraktueel verbind om nie oorstaan-saad terug te hou nie. 'n Derde verskaffer het gesê hy het 20 % meer saad vergeleke met die 2008/'09-seisoen verkoop en is reeds 11 000 sakkies (25 kg) kort.

Data van Sagis en Graan SA toon dat in 2006 en 2007 elke jaar 1 000 ton onverwerkte sojabone uitgevoer is. In 2008 het dit gestyg tot 5 000 ton. Teen 23 Junie vanjaar is reeds 115 000 ton sojabone uitgevoer. Tog het die binnelandse proteïentekorte meegebring dat 808 000 ton soja-oliekoek volgens die PNS in 2007 ingevoer is en 904 000 ton in 2008.

"As daar inderdaad 'n verskuiwing van mielies na veral sojabone kom soos beweer word, is dit nie vergesog nie dat boere ern-

stige aandag sal moet skenk aan meer gebalanseerde wisselboupraktyke tussen albei hierdie broodnodige kommoditeite. Hierbenewens kan meer verbeterde sojaboonkultivars met 'n groter aanpasbaarheid by streeksverskille (sien tabel) bydra tot meer stabiele produksie wat uiteindelik daartoe kan lei dat plaaslike, kommersiële parsgeriewe opgerig word," sê Potgieter.

As net 10 % van die 2 427 500 ha onder

mielies in die 2008/'09-planttyd met sojabone beplant is, sou die huidige sojaboneoes waarskynlik kon verdubbel sonder 'n oorskot van sojabone én met 'n kleiner mielie-oorskot.

Dit sou vir die huidige situasie waarskynlik 'n beter gebalanseerde winsgrens tussen die twee gewasse kon skep – veral in gevalle waar 'n boer albei gewasse in 'n volhoubare wisselboustelsel aanwend. **L**

Suid-Afrika se kommersiële sojaboonproduksie van 1987/'88 tot 2008/'09

